# DIE HEDENDAAGSE WESTERSE KULTUUR*

Willie van der Merwe

Departement Filosofie, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 7600

## ABSTRACT

### CONTEMPORARY WESTERN CULTURE

In dealing with problems besetting contemporary Western culture, the author looks at certain developments. The article deals, in the first place, with a brief overview of the development of Western culture, from the era of the Corpus Christianum to the cultural process which led to the disintegration of the Corpus, viz. the process of secularization. Against the background of this process, there is a focus on two aspects of secularization of great importance for this paper, viz. Man and history and science and technology. The situation is seen to be one hovering between presumption or arrogance and impotence, a sense of anguish inculcated by unbridled development of technology. This sense of angst has caused man to react in certain characteristic ways, and two of these, viz. horizontalism/mysticism and utilirarianism/social romanticism, are discussed. A final similar contrasting pair which can be linked to the polarities of arrogance and impotence would be revolutionary activism and inner emigration. The final point to be made is whether one has to think in terms of judging this inherent opposition in contemporary cultural thought - and what challenge is offered to the church in disseminating the traditional news within a contemporary cultural context.

> "It was the best of times, it was the worst of times,
> it was the age of wisdom, it was the age of foolishness,
> it was the epoch of belief, it was the epoch of incredul
> it was the season of light, it was the season of darknes ,

--------------

* Voordrag gelewer by die Winterskool van die Universiteit van Stellenbosch, Junie 1988.

it was the spring of hope, it was the winter of despair,
we had everything before us, we had nothing before us,
we were going direct to Heaven, we were all going direct
the other way ..."

(Dickens, 1949:1)

Met hierdie treffende teenstellings en opeenstapeling van weers ekings tipeer Charles Dickens die kultuurstemming in Europa ten tye van die Franse Rewolusie. Waar hierdie weersprekings miskien voorheen kon klink na die denkspronge van 'n digter, tref dit 'n mens vandag as die paradokse van 'n profeet, want in hierdie reeks selfondermynende stellings vind 'n mens nie slegs 'n tipering van 'n vervloë era in die moderne Westerse kultuur nie, maar inderdaad 'n akkurate beskrywing van die heersende tydsgees en stemming in die hedendaagse Westerse kultuur. Vandag, 'n eeu na Dickens en twee eeue na die era wat hy in hierdie woorde tipeer, het dit onmoontlik geword om oor die Westerse kultuur op 'n ander wyse te dink en te praat as deur teenstellings en weersprekings heen. Met 'n bietjie moedswilligheid sou 'n mens kon beweer dat die mees algemene kenmerk van die hedendaagse esterse kultuur sy gebrek aan algemene kenmerke is! Dit is 'n kultuur van kontra-kulture, 'n kultuur van innerlike teenstrydigheid, van onversoenbare uiterstes en onoplosbare dubbelsinnighede.

Of hierdie fragmentarisasie en disintegrasie van die hedendaagse kultuur negatief beoordeel moet word as 'n krisis of selfs die uiteindelike verval van die Westerse kultuur en of dit positief beoordeel moet word as 'n kentering of selfs 'n katarsis waardeur die Westerse kultuur gesuiwer, verryk en verdiep te voorskyn mag tree, is 'n vraag wat tans baie bespreking uitlok. Dit is ook 'n vraag waarby daar veel meer betrek word as wat in die bestek van hierdie besinning aan die orde gestel kan word. My oogmerk is gevolglik nie om hierdie vraagstelling te probeer beantwoord nie, maar om stof tot nadenke te bied by die oorweging daarvan.

Die gebrek aan eenheid en konformiteit in die hedendaagse kultuur, laat my ook nie toe om 'n omvattende geheelbeeld daarvan te skets nie. Wat ek eerder beoog, is om aan te toon dat daar grondliggend aan die hedendaagse Westerse kultuur 'n polêre spanningsveld waar te neem is in terme waarvan die oënskynlike disintegrasie van die kultuur in 'n verskeidenheid van

uiteenlopende tendense meer begryplik word. Die oortuiging waarvan hierdie besinning uitgaan, is dat die teenstrydighede en kontra-kulturele bewegings binne die hedendaagse Westerse kultuur simptome is van 'n dieperliggende spanning tussen twee teenoorstaande kulturele grondhoudings of vorme van kultuurbewussyn by die laat twintigste-eeuse Westerling. Hierdie fundamentele teenstelling grondliggend aan die hedendaagse Westerse kultuur, wil ek voorlopig benoem as die spanningsveld van oormoed en onmag.

Voordat ek hierdie spanningsveld in nadere besonderhede beskryf, moet ons eers kyk na die kultuurhistoriese oorsaak daarvan. Daarvoor is dit nodig om eers die ontwikkelingsgang van die Westerse kultuur baie kursories in oënskou te neem en veral te let op twee beslissende historiese momente, te wete die fase in die Westerse kultuurgeskiedenis wat allerweë bekend staan as die Corpus Christianum, en, tweedens, die kultuurproses wat sou lei tot die verbrokkeling van die Corpus Christianum en wat allerweë bekend staan as die proses van sekularisasie.

## 1. CORPUS CHRISTIANUM

Sonder om in te gaan op die historiese oorspronge van die Westerse kultuur, die belangrike invloed van die antieke Griekse en Joods-Christelike tradisies op die grondlegging daarvan en die rol wat sosio-politieke omstandighede gespeel het om dit in 'n vaste bedding te stuur, kan met stelligheid aanvaar word dat die aanvangsfase van die Westerse kultuur in vele opsigte diffuus was. Pas met die aanbreek van die Konstantynse era is hierdie proses bestendig en het die Westerse kultuur, uit die smeltkroes van die eerste paar eeue van ontwikkeling, te voorskyn getree as 'n eiesoortige strategie van lewens- en wêreldoriëntasie, gerugsteun deur 'n afgeronde en geïntegreerde waardestelsel, en geïnstitusionaliseer in 'n eenvormige patroon van samelewingsordening. Die uiteenlopende en botsende geestelike en materiële faktore wat meegespeel het in die aanvanklike kultuurproses is nou gekonsolideer en geïntegreer in 'n monolitiese eenheidskultuur. Dit is na hierdie tydvak in die Westerse kultuurgeskiedenis wat allerweë verwys word as die Corpus Christianum. Kenmerkend van die kultuurkonsolidasie van die Corpus Christianum was dat al die lewensterreine van die mens, dit wil sê die volle spektrum van sy kulturele bedrywigheid onder die beheersing van die Christelike kerk gebring is. Daardeur is die Westerse kultuur nie alleen kerklik

gekonsolideer tot 'n eenheidskultuur nie, maar boonop gesanksioneer as die kulturele uitdrukking van die waardes en beginsels van die Christelike godsdiens (Weiler, 1969:31-42).

Verskeie outeurs tipeer die Corpus Christianum deur na die Middeleeuse katedraal as simbool van hierdie kultuurera te verwys (Rossouw, 1979:313). Anders as in die stede van vandag waar die klein opslagkerkies van 'n versplinterde Christendom verdwerg word deur die werksplase van die industrie, het die Middeleeuse katedraal in die sentrum gestaan van en uitgetroon bo die woon- en werksplek. Die setel van die kerk as die aardse verteenwoordiger van Gods heerskappy, was tegelyk ook die hart van die gemeenskapslewe. Dáár, in die katedraal, die kasteel van die kerklike heerskappy oor die samelewing, is al die uitinge van die lewe saamgesnoer: die vors is daar gekroon, omdat die owerheid sy wereldlike gesag van God ontvang; die oes is daar gevier, omdat die opbrengs as 'n gawe van God beleef is; die handwerk van die ambagslui is daar gewy, omdat die arbeid in diens van die Godsryk staan, selfs die skeppings van die kunstenaar is daar ontvang, omdat die kuns tot verheerliking van God was. Die kultuurbeeld van die Corpus Christianum, soos gesimboliseer deur die katedraal, is dié van 'n eenheidskultuur onder die voogdyskap van die Christelike kerk.

## 2. SEKULARISASIE

Met die aanvang van die moderne tyd het daar egter 'n kultuurproses op gang gekom wat die bestendige en gevestigde eenheidskultuur van die Corpus Christianum stelselmatig sou aftakel en 'n wesenlike grondverskuiwing in die Westerse kultuurgeskiedenis sou teweegbring. Hierdie proses, waarna allerweë verwys word as die proses van sekularisasie is natuurlik die vernaamste kultuurhistoriese oorsaak vir die spanningsveld grondliggend aan die hedendaagse kultuur. Oor wat die aanleidende faktore tot die proses van sekularisasie was en wat alles daaronder verstaan moet word, is daar reeds 'n onoorsigtelike volume vakliteratuur. Vir die doel van hierdie besinning volstaan ek met 'n kort definisie en beskrywing daarvan en wys dan op twee implikasies wat dit inhou vir die spanningsveld grondliggend aan die hedendaagse Westerse kultuur.

Sekularisasie beteken die verwêreldliking van die wêreld, of te wel die bevestiging van hierdie tyd-ruimtelike wêreld as die enigste en die eintlike wêreld (Luijpen, 1969:117-119). Dit behels dus n beslissing teen die mistifisering van hierdie wêreld as die speelterrein van bo-aardse magte en die strydperk van onderwereldse kragte. Daarom word sekularisasie ook dikwels beskryf as die onttowering van die wêreld, waarmee dan bedoel word dat wat die geval is in die wêreld nie langer verstaan word as die gevolg van goddelike voorsienigheid of demoniese manipulasie nie; dus nie verklaar word in terme van bo-natuurlike oorsake nie, maar herlei word na wetmatighede binne die natuurlike wêreld self (C.A. van Peursen, 1976:80-111).

Kultuurhistories beskou, behels sekularisasie die proses waardeur die lewensterreine wat gedurende die Corpus Christianum onder die voogdyskap van die kerk gestaan het, stelselmatig ontvoog is en verselfstandig is as outonome lewenssfere buite en teenoor die invloedsfeer van die kerk. Sekularisasie word in hierdie verband ook beskryf as die proses waardeur die kulturele voëls van politiek, ekonomie, wetenskap en kuns vrygelaat is uit die kou van kerklike monopolie waarin dit gevange gehou is (Boerwinkel, 1977:90).

Die strewe wat sekularisasie as die herwaardering van die wereld as selfgenoegsame werklikheid en die gepaardgaande ontvoogding van die kulturele lewe van kerklik-godsdienstige heerskappy gemotiveer het, is die strewe na emansipasie (Boerwinkel, 1977:84 ev.). Emansipasie as die bevryding van die beperkinge wat 'n betowerde wêreld op die mens lê, vanweë die bo-natuurlike magte waaraan dit die menslike bestaan uitlewer. In 'n wêreld wat as die speelterrein van bo-aardse magte of die strydperk van onderaardse kragte verstaan en beleef word, is die mens immers die weerlose slagoffer van gebeure waarvan die oorsprong nie net sy bereik nie, maar ook sy verstand te bowe gaan. Deur die onttowering van die wêreld, eis die mens die wêreld vir homself op en bevry homself sodoende van die ban van bo-natuurlike magte wat sy selfstandigheid bedreig. Daarom ook emansipasie as bevryding tot die volle selfverwesenliking van die mens; emansipasie as die bevestiging van sy outonomie in die wêreld (Rossouw, 1979:314). Deur die proses van sekularisasie le die mens beslag op die wêreld as die domein van sy vrye selfontplooiing en alleenheerskappy.

Teen hierdie agtergrond wil ek vervolgens fokus op twee aspekte van sekularisasie wat vir ons doel van belang is:

## 2.1 Mens en geskiedenis

Voor die proses van sekularisasie is die geskiedenis nie beleef as 'n geskiedenis wat deur mense gemaak word nie, maar eerder as 'n geskiedenis wat deur mense as die aardse funksionarisse van 'n bo-natuurlike orde uitgevoer word. Die geskiedenis is verstaan en beleef as die gedetermineerde verwesenliking van die tyd van 'n ewige goddelike raadsplan, sodat die wereld se beloop - ten goede of ten kwade - nie gesien is as die gevolg van menslike toedoen nie, maar as die resultaat van goddelike voorsienigheid. Die mens het homself dus nie beleef as die outeur van sy eie geskiedenis nie, maar eerder as 'n akteur in 'n geskiedenis waarvan die voortgang en bestemming vooraf bepaal is.

Sekularisasie as die onttowering van die wêreld, het ook 'n onttowering van die geskiedenis teweeggebring. Soos die wêreld toegeëien word as die domein van menslike outonomie, net so word die geskiedenis toegeëien as die speelveld van menslike moontlikhede. Die mens eis die geskiedenis vir homself op as sy geskiedenis, 'n geskiedenis wat hy in vryheid maak en waarvoor hy alleen verantwoordelik gehou kan word. In kort, die mens ontdek homself as die maker van sy eie toekoms en die beslisser van sy eie lot; as die outeur van sy eie geskiedenis, maar juis daarom ook as die produk van die geskiedenis wat hom voorafgegaan het. Deur geskiedenis te maak, maak die mens homself, verwesenlik hy sy eie moontlikhede, maar val hy ook ten prooi van sy eie onverantwoordelikhede. Die mens is die outeur en die produk van sy eie geskiedenis (Lemaire, 1976:45-48).

## 2.2 Wetenskap en tegniek

Die tweede aspek spruit voort uit die nuwe geskiedenisbeskouing wat deur sekularisasie teweeggebring is en het te make met die opkoms van die wetenskap en tegniek in die moderne gesekulariseerde Westerse kultuur. Die toeëiening van die wereld as domein van menslike heerskappy en die herwaardering van die geskiedenis as modus van menslike selfverwesenliking, moes noodwendig daartoe lei dat die wetenskap en die toepassing daarvan in die tegniek, die Westerse kultuur al meer sou begin domineer.

Die gesekulariseerde mens, oortuig van sy outonomie en in beheer van sy eie geskiedenis, moes immers 'n weg vind om die materiële natuurkragte wat sy selfverwesenliking belemmer, uit te skakel. Daarin kon slegs die wetenskap en tegniek hom help. Met behulp van die wetenskap kon hy hierdie bedreigende en belemmerende faktore ondersoek, ontleed en herlei na wetmatighede wat dit nie alleen begryplik maak nie, maar ook voorspelbaar. Met behulp van die tegniek kon hy ingryp op hierdie wetmatighede en dit tot sy eie voordeel manipuleer of ten minste onder menslike beheer bring. So is daar byvoorbeeld ingegryp op die menslike arbeid en die natuur toe die produksieproses geïndustrialiseer is. Waar die menslike bestaan voorheen tot 'n groot mate 'n stryd om oorlewing was en arbeid afgestem was op die produksie van 'n noodsaaklike minimum van lewensmiddele, het industrialisasie massaproduksie en gevolglik 'n oorvloed van lewensmiddele moontlik gemaak.

Na mate die wetenskap en tegniek toenemend bewyse gelewer het daarvan dat dit nie alleen 'n oorvloed middele voorsien vir menslike oorlewing nie, maar ook voorheen ongekende moontlikhede skep vir die mens se vrye selfverwesenliking, het dit dieselfde allesoorheersende rol begin speel in die Westerse kultuur as wat die Christelike godsdiens voor sekularisasie gespeel het. Die Corpus Christianum is vervang met 'n tegnokratiese bestel waarvan die simbool nie die katedraal nie, maar die kragsentrale is. In die katedraal is al die lewensterreine saamgesnoer onder die heerskappy van God; vanuit die kragsentrale word al die lewensterreine gevoed met die krag van menslike vernuf.

## 3. TUSSEN OORMOED EN ONMAG

Die proses van sekularisasie, en meer spesifiek die nuwe geskiedenisbeskouing en belewing wat dit inhou en die dominasie van wetenskap en tegniek wat daardeur teweeggebring is, het myns insiens 'n spanningsveld ten grondslag van die hedendaagse Westerse kultuur geskep. Hierdie spanningsveld behels 'n opposisie tussen twee teenoorstaande kulturele grondhoudings, of anders gestel: 'n polariteit tussen twee verskillende tipes kultuurbewussyn. Aan die een kant is daar die grondhouding van menslike oormoed wat uitdrukking vind in 'n optimistiese kultuurbewussyn waarvan die stemming beskryf kan word as utopiese verwagting. Daarteenoor is daar egter ook die grondhouding van menslike onmag wat uitdrukking vind in 'n pessimistiese, selfs fatalistiese

kultuurbewussyn waarvan die stemming beskryf kan word as apokaliptiese angs (Moltmann, 1977:47-59).

Die kulturele grondhouding van oormoed en die utopiese verwagting waarin dit uitdrukking vind, spruit uit 'n vooruitgangsoptimisme wat deur die verbysterende suksesse en eksponensiële groei van die wetenskap en tegniek aangevuur word. Binne skaars twee eeue het die gesekulariseerde mens aan homself bewys dat hy een na die ander oorsaak van menslike tekort en lyding en een na die ander faktor wat 'n ideale menslike bestaan belemmer, effektief kan uitskakel. Met behulp van die wetenskap en tegniek word daagliks deurbrake gemaak wat deur vorige geslagte as onvoorspelbare goddelike wonderwerke bestempel sou wees. Hierdie tegnologiese wonderwerke, van elektrisiteit tot antibiotika, van telekommunikasie tot genetiese ingenieurswese, van die outomatisasie van arbeid tot uitgebreide lugvervoernetwerke, het so alledaags en vanselfsprekend geword dat die moderne gesekulariseerde mens rede het om te glo dat die utopie van n ideale, onbelemmerde menslike bestaan binne die bereik van sy wetenskaplike vernuf en tegnologiese vaardigheid lê. Hy kan 'n man op die maan plaas, hy kan reën maak, hy kan harte oorplant, hy kan berge verskuif - nie met 'n mosterdsaadjie van geloof nie, maar met die energie van 'n atoom. Waarom sal hy nie binne die afsienbare toekoms die hemel van selfverwesenliking eiehandig aarde toe bring nie?

Die ongebreidelde vooruitgang van wetenskap en tegniek het egter 'n teenkant wat 'n al hoe groter wordende skaduwee van angs en vertwyfeling oor die hedendaagse kultuur werp. Hoewel die wetenskap en tegniek die mens gehelp het om sy samelewing te transformeer van 'n samelewing van skaarste tot 'n welvaatsmaatskappy, het dit in die proses nuwe en dalk selfs groter euwels geskep as wat dit uitgeskakel het. Die natuur is aanvanklik op nuwe wyses ontgin en benut ter wille van die optimale voorsiening in noodsaaklike lewensbehoeftes. Spoedig is die grens tussen benutting en uitbuiting egter oorgesteek, en is die natuur op 'n ongekende skaal geëksploiteer ter wille van die maksimale vermenigvuldiging van verbruiksgoedere in 'n welvaartsmaatskappy. Hoewel daar nie vandag 'n skaarste aan lewensmiddele is nie - selfs nie aan luukses nie - dreig daar, ironies genoeg, 'n skaarste aan onvervangbare elementêre hulpbronne wat noodsaaklik is vir menslike oorlewing (Lemaire, 1976:205-234).

Deur uitbuiting, manipulasie en besoedeling is die ekologiese ewewig dermate versteur dat kenners katastrofes van wêreldskaal voorsien indien die balans nie spoedig herstel word nie. Dieselfde tegnologie wat die mens in staat stel om sonder geloof berge te versit, het hom vir die eerste keer in die geskiedenis van die mens voor die reële moontlikheid gestel om met die druk van 'n knoppie nie net 'n man op die maan te plaas nie, maar by wyse van spreke, die hele planeet maan toe te stuur!

Waar die wetenskap en tegniek by baie 'n utopiese verwagting skep, skep dit by ander 'n apokaliptiese angs - gebore uit die oortuiging dat die sogenaamde deurbrake van die tegnologie nie die voortekens is van die utopie nie, maar die stuiptrekkings van 'n menslike geskiedenis wat afgeloop het. Die tegnokratiese bestel wat deur die wetenskap en tegniek gevestig is, het 'n momentum van sy eie opgebou wat nie langer onder beheer gebring kan word nie. Die grondoortuiging van oormoed wat dit gewek het, slaan om in 'n ervaring van onmag ten aansien van die magte wat die mens ontketen het en waarvan hy al meer die hulpelose slagoffer word. Na twee wêreldoorloë en midde in 'n kernwapenwedloop lyk die toekoms nie meer na die hemel van selfverwesenliking nie, maar na 'n moontlike hel van selfvernietiging (Moltmann, 1977:57).

Hierdie spanning tussen oormoed en onmag, tussen utopiese verwagting en apokaliptiese angs, vind uitdrukking in 'n verskeidenheid onderling weersprekende kultuurvorme in die hedendaagse Westerse kultuur. Ek dui kortliks twee sodanige manifestasies aan.

### 3.1 Horisontalisme en mistiek

Enersyds word die hedendaagse Westerse kultuur steeds tot 'n groot mate gestempel deur 'n geslote sekularistiese lewens- en wereldbeskouing, wat by gebrek aan 'n beter term as horistontalisme beskryf kan word. Dit is 'n lewens- en wêreldbeskouing waarin daar nie rekening gehou word met of ruimte gelaat word vir 'n vertikale of transendente dimensie van werklikheidsbelewing nie. Die waardestelsel van horisontalisme is 'n bevestiging van die mens se outonomie. In terme daarvan is die laaste arbiter van wat moontlik en onmoontlik is, die menslike rede en die laaste grond van wat reg of verkeerd is, die menslike gewete. Enige aanspraak op die belewing van

werklikheidsdimensies wat die verklaring van die wetenskap en die manipulasie van die tegniek te bowe gaan, word in die snippermandjie van mitologie of argaïese bygeloof gegooi. Horisontalisme is die lewens- en wêreldbeskouing van selfoorskatting, gebore uit menslike oormoed.

Hierteenoor beleef die hedendaagse Westerse kultuur 'n ongekende oplewing van belangstelling in die mistiek, veral soos dit as 'n alternatiewe lewensweg beoefen word in die tradisioneel-Oosterse godsdienste (Kranenborg, geen datum:11-27). Deur homself te verloor in 'n mistieke ervaring voer die moderne Westerling in die hede 'n tydsprong. In die towerwêreld van sy eie innerlike gewaarwordinge kan hy sy heimwee na 'n ontmoeting met die transendente vervul. So vind hy die bestemming van sy menslike bestaan nie meer in die historiese verwesenliking van 'n uitgestelde toekoms nie, maar in die psigologiese belewing van onmiddellike eenwording met die Alwese van die werklikheid. Vir die oormoedige mens lê die bestemming van die mens in die toekomstige voltooiing van die tyd, vir die onmagtige lê dit in die onmiddellike ervaring van die tydlose, dit wil sê in die mistieke oorgawe van die ewige. Selfs die herlewing van die Christelike godsdiens in die gestalte van die charismatiese beweging waarin die manifestasie van bo-natuurlike, wetenskaplik-onverklaarbare geestesgawes soos wondergenesing en glossolalie beklemtoon word, kan met hierdie sug na mistieke ervaring in verband gebring word.

### 3.2 Utilitarisme en sosiale romantiek

'n Verdere opvallende teenstelling in die hedendaagse Westerse kultuur wat in verband gebring kan word met die spanningsveld van oormoed en onmag, is die teenstelling tussen die sogenaamde "ratrace" van 'n gejaagde lewe aan die een kant en kulturele strategieë van ontvlugting en quiëtisme aan die ander kant. Die bestaanswyse van diegene wat meedoen aan die "ratrace" en met mekaar kompeteer om 'n voorste plek in die "fast lane" van die lewe, is 'n eendimensionele bestaanswyse van produksie en konsumpsie (Marcuse, 1975:21-38). Dit is 'n bestaanswyse wat onder die diktatuur van 'n prestasiemoraal gereduseer word tot die bose kringloop van werkverrigting ter wille van behoeftebevrediging, behoeftebevrediging ter wille van beter werkverrigting ter wille van nog beter behoeftebevrediging. In so 'n bestaanswyse is die funksie van ontspanning nie kreatiewe selfverryking nie, maar rekreasie met die oog op hoër produktiwiteit. Hoër produktiwiteit

verseker weer meer welvaart en daarom nuwe middele en moontlikhede tot meer effektiewe rekreasie ter wille van nog hoër produktiwiteit.

Dit is 'n bestaanswyse wat op utilitarisme as waarde-oriëntasie geskoei is - alles, van objekte tot aktiwiteite tot medemense en medemenslike verhoudinge, word beoordeel in terme van die nut wat dit mag hê om die ratwerk van produksie en konsumpsie geolie te hou. Die mens beoordeel selfs sy eie waarde in terme van sy produksievermoë, dit wil sê in terme van sy verkoopswaarde op die utilitaristiese arbeidsmark en meet sy geluk aan die vlak van konsumpsie wat hy kan bereik. Uiteindelik word die lewe self en die mees basiese uitinge van die lewe soos die liefdeslewe, seksualiteit, liggaamsbelewing, gemeensaamheid, vriendskap, ensovoorts verbruiksgoedere wat geen ander waarde het nie as die funksionele nut wat dit inhou vir 'n gejaagde lewe van werkverrigting, prestasie en behoeftebevrediging.

Een van die mees algemene teenreaksies teen die eendimensionele bestaanswyse van produksie en konsumpsie is die kulturele strategie van ontvlugting of quiëtisme wat die teoloog Jürgen Moltmann (1977:59) "sosiale romantiek" noem. Sosiale romantiek behels 'n bewuste en selfgekose onttrekking uit die sosiale en ekonomiese "ratrace" van die teenswoordige samelewing en 'n poging tot die rehabilitasie van verheerlikte en geromantiseerde primitiewe of agrariese samelewingsvorme (Lemaire, 1976:412-416). Die sorgelose hippie-gemeenskappe van die sestigerjare, groepe wat poog om in afsondering van die samelewing in kleiner selfonderhoudende landbougemeenskappe 'n kommunale bestaan te voer, die herlewing van vroeëre ongemeganiseerde ambagte en ander soortgelyke kultuurverskynsels is simptomatiese van die kontrakulturele strategie van sosiale romantiek.

### 3.3 Rewolusionêre aktivisme en innerlike emigrasie

'n Laaste soortgelyke teenstelling wat herleibaar is na die spanningsveld van oormoed en onmag is dié tussen die hoë frekwensie van rewolusionere politieke aktivisme en anargisme (Lemaire, 1976:407-441) enersyds en andersyds die kultuurpatroon van sosio-politieke apatie wat as "innerlike emigrasie" (Moltman, 1977:62) beskryf kan word. Rewolusionere politieke aktivisme is op 'n sosio-politieke terrein die manifestasie van 'n gefrustreerde dog steeds hardnekkige grondhouding van menslike oormoed. Dit bly steeds getrou aan

die utopiese ideaal, maar laat die verwesenliking daarvan nie meer aan die wetenskap en tegniek oor nie. Die modus van selfverwesenliking word gekorrigeer van tegnologiese vernuf tot politieke daadkrag. Die profiel van die politieke rewolusionêr is die van 'n oormoedige mens wat weier om ontnugter te raak in die mens se outonomie.

Daarteenoor vind die ontnugtering in die utopiese ideaal en die grondhouding van menslike onmag uitdrukking in 'n kultuurpatroon van innerlike emigrasie. Die mens onttrek homself uit die sosio-politieke werklikheid, ontduik die verantwoordelikheid tot morele handeling wat die gebrokenheid daarvan op hom lê en ontvlug in die privèsfeer van sy klein individuele lewensruimte van gesinslewe, stokperdjies en huisvermaak. Van agt tot vyf stry hy om oorlewing in die groot wêreld van die maatskappy, bedag daarop om nie gekompromiteer te raak in die makro-problematiek van rassekonflik, ekonomiese beregtiging en politieke bedinging waarmee dit hom konfronteer en waarvan hy self tot 'n mindere of meerdere mate die slagoffer is. Hy het lankal hoop verloor vir die maatskappy, vir 'n beter samelewing, vir 'n regverdiger ekonomiese bestel en vir 'n gelukkige afloop van die menslike geskiedenis. Gevolglik emigreer hy daagliks na vyf en oor naweke uit die onheilsame groot wêreld van politieke, ekonomiese en maatskaplike diskrepansies na die private wereld van intieme persoonlike verhoudinge en kommervrye aktiwiteite. In hierdie anonieme, individuele wêreld vind hy ten minste persoonlike heil, erkenning en selfvervulling.

## 4. KRISIS OF KENTERING?

Die drie teenstellings wat ek hier kortliks beskryf het, naamlik tussen horisontalisme en mistiek, tussen 'n eendimensionele bestaanswyse van produksie en konsumpsie en sosiale romantiek as uitvlug, en tussen rewolusionêre politieke aksie en die apatie van innerlike emigrasie, is slegs van die mees opvallende teenstrydige tendense in die hedendaagse Westerse kultuur. Daar is sekerlik meer soortgelyke teenstellings wat opval as simptome van die grondliggende spanningsveld van oormoed en onmag.

Die vraag is egter: hoe moet hierdie spanning, hierdie inherente teenstrydigheid in die hedendaagse Westerse kultuur beoordeel word? Dui dit op 'n krisis of selfs 'n dreigende katastrofe? Of sou dit die weg kon berei

vir 'n moontlike kentering of selfs 'n katarsis in die kultuurgeskiedenis van die Weste? En voor watter uitdagings stel dit die kerk in sy bediening van die "ou ou tyding" binne 'n hedendaagse kultuurkonteks?

Moontlik lê die sleutel tot 'n antwoord nie in woorde soos "krisis", "katastrofe", "kentering" of "katarsis" nie, maar - in elk geval vanuit die perspektief van die Christelike geloof - in woorde soos "kairos" en "keuse". Dit is in 'n oomblik van waarheid wat die regte keuse 'n krisis omskep in 'n kentering en 'n dreigende katastrofe omkeer tot 'n katarsis. Die keuse waarvoor die hedendaagse Westerse kultuur die mens plaas, is ten diepste 'n keuse tot besinning en selfondersoek. Om hierdie keuse gestand te doen, beteken dat die moderne Westerse mens deur die stand en stemming van sy eie kultuur gedwing word om weer fundamenteel na te dink oor die menslike bestaan self. Indien hy hierdie keuse sou maak en opnuut sou vra na die oorsprong, die aard en die bestemming van die mens, mag hy ontdek dat die spanning tussen oormoed en onmag nie in die eerste plek in die kultuur le nie, maar eerder in die menslike natuur self sy oorsprong het. Die hedendaagse teenstrydige ontwikkelinge in die Westerse kultuur mag ten goede wees indien dit daartoe kan lei dat die hedendaagse mens tot 'n dieper selfverstaan kan kom, tot 'n erkenning teenoor homself dat die mens in homself verdeeld is tussen grootsheid en nietigheid, tussen skoonheid en boosheid, tussen volkomenheid en gebrokenheid, tussen heerlikheid en ellende, tussen droom en realiteit, tussen paradys en sondeval, dit wil se dat die mens slegs skepper is solank hy skepsel bly.

Dit is hierdie fundamentele dubbelsinnigheid van die mens as geskonde beelddraer van God, hierdie wesenlike spanning in die menslike natuur tussen die geskape stof waaruit hy gevorm is en die asem van die Skepper wat hom tot lewe gewek het, wat ons eie profeet, N.P. van Wyk Louw so raak en paradoksaal verwoord in die volgende woorde:

> Hoe in die hoe wisselgang van dag en nag,
> die ewige wederkeer van somer, winter,
> die blinde stuiwing van die wyd-gebaande sterre
> kan ons ons weg gaan sonder siddering?
> Want weerloos is ons teen die swaar gebeur van
> die dinge; ons vreugde waai - 'n yl-blou lint,

verlore fladdering - in die strawwe wêreldwinde;
naak staan ons in die slagreën van die toorn;
en nors, in staal-blind selfgenoegsaamheid en vrede
skyn die heelal in kring bo kring gewelf
oor ons klein smart en liefde en al die lieflikheid
van oog en oor en sinne meningvoudig.

Ons is 'n blinde en middernagtelike vrees
wat al die ligte dae van ons lewe
die helder weë van die aarde gaan en weet
dat stilte en verskrikking weerskant lê;
hooghartig stap ons met die wit son op ons oe
en liefde en trots om ons verwondbre hart
as pantser; maar ons weet die pyn is nêrens ver,
want mens en wêreld is twee vreemde dinge:
die aarde is heldere kleed van duistere bedoeling,
op donker dinge sin die mens se hart.*

## LITERATUURLYS


BOERWINKEL, F. 1977. Einde of nieuw begin. Baarn : Ambo.

DICKENS, C. 1949. A tale of two cities. London : O.U.P.

KRANENBORG, R. s.a. Zelfverwerkliking. Kampen : Kok.

LEMAIRE, T. 1976. Over de waarde van kulturen. Baarn : Ambo.

LOUW, N.P. VAN WYK. 1971. Die halwe kring. Kaapstad : Tafelberg.

LUIJPEN, W. 1969. Secularisatie als 'tweede antwoord' op het atheïsme. (In Bornewasser, J.A. e.a. Christelijk bestaan in een seculaire cultuur. Roermond : Romen.)


--------------

* Uittreksel uit "Aan die skoonheid" in Die Halwe Kring.

MOLTMANN, J. 1977. Mensch: chrisliche Antropologie in den Konflikten der Gegenwart. Stuttgart : Kreuz-Verlag.

ROSSOUW, H.W. 1979. Is die Christelike geloof nog aktueel in 'n veranderende wêreld? NGTT, 20(1):312-332.

VAN PEURSEN, C.A. 1976. Cultuur in stroomversnelling. Amsterdam : Elsevier.

WEILER, A.G. 1969. Sacrale structuren en seculariserende tendensen in de Middeleeuwen en de Renaissance. (In Bornewasser, J.A. Christelijk bestaan in een seculaire cultuur. Roermond : Romen.)